

Inhoud. Die opvatting oor wie verdruktes en wie onderdruktes is in die gemeenskap verskil radikaal van hoe die Woord van God hierdie onderskeid maak. Verdrukkers is hulle wat openbare ampte misbruik. Onderdrukkers is hulle wat aan hierdie misbruik onderworpe is.

Skriflesing Ps. 10

Teks: Ps. 10: 14 en 15: “En die hele tyd het u dit gesien, die lyding en verdriet. U let daarop en maak 'n einde daaraan. Op U verlaat die ongelukkige hom. Ook vir die weeskind is U 'n Helper. 15 Verbreek tog die magsgreep van die goddelose en van die misdadiger, straf sy misdade! Moenie een enkele van sy misdade verskoon nie.”

Tema: Die magsgreep van die goddelose is die gesagsposisie en diens wat God aan hulle gee.

1. Ons is besig om in die Woord van God leiding te soek oor hoe leef ons as gelowiges in 'n godlose land onder 'n godlose owerheid.

Verdruktes en onderdrukkers! Dit is die persone oor wie dit gaan in Psalm 10.

Verdrukking en onderdrukking! Dit is die krisis waarbinne Dawid homself as gelowige vind.

Die Here wys ons in hierdie Psalm wie volgens sy Woord die werklike verdrukkers en die werklike onderdruktes is.

2. Hierdie geloofskennis is vir ons dringend nodig. Ons moet eie plek vind in ons land wat nou goddeloos is, om die aard en omvang van werklike verdrukking en onderdrukking te kan raaksien en herken.

Is 'n arm mens met verflenterde klere en uitgeteerde liggaam wat klippe gooi om eiendom te beskadig en met bloeddorstigheid winkels plunder, die hulplose, weerlose, magtelose mens waarvan Psalm 10 praat?

Is honger en arm weduwees en wesies wat paaie met brandende bande versper, voertuie beskadig en geweld aanhits die magtelose, weerlose en hulpelose mens van Psalm 10?

3. Dit is hoe verwronge ons land en gemeenskap se openbare mening oor verdrukkers en onderdruktes al geword het.

Wat die Here in Psalm 10 uitwys as die verdrukker word in ons goddelose land gesien en geglo as die onderdrukte en wat die Here wys wie hulpeloses is, word in ons land voorgehou as die verdrukters.

Die goddelose misdadiger van Psalm 10 is in ons land en gemeenskap die mense wat voorgehou word as die hulpelose, weerlose en magtelose mens.

4. Dawid verwoord in Psalm 10 wat die werklike probleem van werklike hulpeloosheid en weerloosheid onder godloosheid is: die posisie waarin hy as gelowige hom in die openbare lewe en gemeenskap bevind: die magsgreep van die goddelose misdadiger.

Hierdie magsgreep word met twee beelde uitgewys: die van 'n jagter en die van 'n roofdier.

In vers 8 word gestel dat die godlose misdadiger lê agter heinings. Hierdie heinings verwys na die skuilplek van jagters net soos die Spanjaarde hier in die Soutpansberg kom jag. Hulle maak en gaan sit in 'n skuilplek en dan moet die wild na hulle skuilplekke aangejaag word waaragter hulle dan met gemak kan doodmaak.

In vers 9 word hierdie gemaklike manier van vang en doodmaak uitgebrei met die beeld van 'n leeu wat agter 'n skuilplek lê en wag om 'n niksvermoedende bok skielik te oorval.

5. Wie is hierdie jagter en roofdier en wat is sy skuilplek?

Die jagter en roofdier is die mens in 'n openbare gesagsposisie waarin God hom aangestel het. Dit is mense in die amp in die openbare lewe. Enige amp en enige persoon soos amptenare, regeerders, polisiemanne en soldate.

Wat is die skuilplek?

Dit is die openbare diens wat só 'n persoon moet lewer en waarop die gemeenskap op aangewese is.

6. Dit is werklike magteloosheid, weerloosheid en hulpeloosheid!

Wanneer jy in en deur só 'n mens vasgevang word: wat sy amp en diens as skuilplek gebruik om vir jou 'n jagter en roofdier te word.

Dit is die magsgreep van 'n goddelose misdadiger. Om sy openbare amp en openbare diens aan die gemeenskap waarvoor God hom aangestel het, die skuilplek van sy planne om te roof, te plunder en te verguis maak.

Jagter en roofdier! Die Psalm se verwysing na sluwe planne, die verlustiging in roofwins en selfverryking ten koste van die persone aan wie 'n openbare diens gelewer moes gewees het, is hoe goddeloses die openbare amp en diens omskep as skuilplek van hulle plundering van die gemeenskap.

7. Dit maak mense binne só 'n goddelose gemeenskap dieselfde as weeskinders verwese binne 'n mag waarin hulle hulpeloos is.

Kom ons lig dit met 'n voorbeeld toe!

Dit is soos 'n pa wat sy kinders mishandel en die geld waarmee hy sy eie kinders moes versorg verkwansel op karre en drank.

Die persoon wat kinders moes beveilig en versorg, word hulle jagter en roofdier!

Sulke kinders is werklike verwese en wees. Hulle word deur die wet van God gebind om aan hulle pa gehoorsaam te wees. Hulle word deur God se skeppingsorde gebind om as kinders afhanklik en aangewese te wees om hulp, beveiliging en versorging van die een wat hulle toekoms roof en hulle as kinders verniel.

Die magsgreep van goddelose misdadigers is die bedoeling van God met sy skepping, die wet van God en die amp en diens wat God instel.

8. Hoe verkry mense sulke magsgrepe op gelowiges?

Met hierdie houding: hooghartig maak hulle hierdie verklaring: God vra geen rekenskap nie! Met minagting en veragting verklaar hulle die wêreld en gemeenskap wat God geskep het godloos: God steur Hom nie wat in die openbare lewe in hierdie wêreld gebeur nie. God steur Hom nie wat mense maak in die ampte waarin Hy hulle plaas en die diens waartoe Hy hulle geroep het nie.

Dit is die magshouding en selfbemagtiging van goddeloses: om die openbare diensposisie waarin hulle is, los te maak van enige aanspreeklikheid teenoor God en daarom ook van enige aanspreeklikheid teenoor enige mens.

Die mag van godloosheid is die selfverheffing in openbare diens bo enige aanspreeklikheid teenoor God en mens!

Dit moet ons in hierdie land ontdek. Dink u godloosheid is hierdie slim wetenskaplike eindresultaat waar mense na deeglike studie ontdek God vra geen rekenskap en God steur hom nie aan wat in hierdie wêreld aan die gang is nie?

Hierdie selfverheffing gaan nie oor ingeligtheid nie. Dit gaan oor die godloosheid om ampte en diens wat God as Skepper skep en bestuur op te eis as persoonlike magsgreep wat mense vir hulle eie persoonlike belange gebruik.

Wie so handel is nie slim wetenskaplikes nie. Hulle is godlose misdadigers wat God ontmagtig om enige iets te doen aan hulle wat sy ampte en dienste van Hom roof.

9. Hoe behou sulke mense hierdie magsgreep?

Vers 7 wys dat hy lê 'n vloek op almal, bedrieg en onderdruk.

Kom ons kyk weer na ons voorbeeld!

'n Pa wat sy eie kinders se geweldenaar is behou sy magsgreep om nog altyd pa te bly in sy kinders se lewe terwyl hy hulle mishandel, deur karaktermoord.

Pa rand hulle aan en hulle bly gehoorsame kinders!

Hoe? Deur hulle elke dag so te vloek en sleg te sê, dat hulle uit vrees nooit hulle self kan wees nie. Hulle kan en sal dit nooit waag om kinders te wees wat op pa 'n beroep vir versorging maak nie; hulle sal nooit dit waag om op pa 'n appèl te maak vir beskerming nie. Hy kan maar drink en koop soos hy wil sonder enige aanspreeklikheid om pa te wees! Die kinders bly maar gehoorsaam!

Want hulle is so stukkend gevloek, verskree, veroordeel en beskuldig, dat hulle nie hulle self as kinders kan wees nie.

Die geweld van karaktermoord en moord wanneer dit nie meer werk nie, is al hoe goddeloses hulle magsgreep op 'n gemeenskap behou.

10. Wie is volgens die Woord van God verdruktes? Weerlose en hulpelose mense?

Wie is volgens God se Woord die verdruktes? Selfbemagtigde mense wat hulle self vrymaak van enige aanspreeklikheid van die amp en openbare diens waarin hulle staan en dit as magsgreep gebruik om die openbare gemeenskap te plunder in die drif van selfverryking?

Gaan dit oor wittes en swartes?

Die wittes is die onderdrukkers en die swartes is die onderdruktes?

Kom ons kyk na 'n situasie in Dawid se lewe waarin hierdie Psalm van toepassing is. Dit is nie die oorsprong van of die gebeurtenis na aanleiding waarvan die Psalm geskryf is nie, maar dit 'n gebeurtenis waarin die Psalm van toepassing is.

Dawid en Saul!

Tydens die koningskap van Saul het Dawid die invloedrykste persoon in Israel geword. Die gemeenskap het Dawid se gesag erken en besing terwyl hulle Saul se onvermoë as koning met die gesag van Dawid vergelyk het. Die profete het Dawid in Saul se leeftyd as koning gesalf. In hierdie tyd het Dawid al 'n privaat weermag rondom hom as persoon versamel.

In Psalm 10 noem Dawid homself die weerlose, hulpelose en magtelose! Dit terwyl hy die invloedrykste mens met 'n eie privaat weermag was. In die Psalm stel Dawid homself nie voor as die kampvegter vir die regte van sosiaal minderbevoorregtes nie. Hy is as die invloedrykste mens in die land met sy eie weerbare mag, die hulpelose en weerlose wat God met 'n klag aanroep!

Hoekom?

Want God het Dawid aan sy wet vasgebind en Dawid het hierdie verbintenisse met erken en aanvaar – hy mag nie moord pleeg nie, hy mag nie gesag ondermyn of aantas nie.

Dit terwyl Saul as koning met die amp en diens van koning vir Dawid 'n jagter en roofdier geword het. Dawid word deur die staat agtervolg en gejag as misdadiger met die opdrag om hom dood te maak.

In hierdie gebeurtenis is Saul die goddelose misdadiger en Dawid die weerlose, hulpelose en magtelose binne die magsgreep van Saul. Dawid eer Saul as God se gesalfde maar Saul jag Dawid met sy gesag en weermag as koning om Dawid dood te maak. Saul het sy amp die skuilplek van goddeloosheid gemaak om Dawid se toekoms te roof en te plunder vir sy eie nageslag.

Wie is wit en wie is swart in hierdie gebeurtenis?

Saul en Dawid is beide Israeliete sonder enige rasverskil! Hierdie geskiedenis gaan nie oor ras of klasse verskille nie. Dit gaan nog minder oor die botsing van armes en rykes.

Wie is onderdrukker en wie is verdrukker?

Dawid is geen armoedige en armlastige aan wie kospakkies en welsyndiens gelewer moet word nie. Hy is die invloedrykste man met 'n eie weerbaarheid in die land. Hy is ook geen patetiese geweldslagoffer nie.

Dawid is die weerlose en Saul is die godlose misdadiger in hierdie spesifieke geskiedenis.

Want Saul maak van sy openbare amp as koning en sy diens as koning aan die gemeenskap, beskerming deur die veiligheidsmagte, die skuilplek van sy sondige planne. Die skuilplek van sy misdaad. Hy maak dit sy persoonlike mag om sy persoonlike belange af te dwing. Hy maak dit instrumente van karaktermoord op 'n getroue dienaar wat sy amp eer!

11. Ons moet onself en die goddelose owerheid en gemeenskap waar onder en waar in ons leef vind volgens die dade van God soos Hy dit openbaar in sy Woord.

Ons mag ons self nie sien en glo binne die verwronge beelde van die openbare mening van hierdie godlose owerheid en gemeenskap nie.

'n Owerheid en gemeenskap wat hulle verhef het bo aanspreeklikheid vir die amp en diens waarin God hulle geplaas het teenoor God en mense, is 'n godlose owerheid.

'n Gemeenskap wat die owerheid nie aanspreeklik wil hou nie, omdat hulle ook nie enige aanspreeklikheid wil dra, maar net wil deel in die plundering en roof uit hierdie magsgreep, is 'n godlose gemeenskap.

Hulle is die goddelose misdadiger wat van hulle amp en diens die skuilplek van hulle magsidees en plunderplanne gemaak het. Ons wat ons steeds aan die wet van God laat bind in ons gehoorsaamheid en diens aan die owerheid en gemeenskap, is die weerloses en die magteloses teen hierdie eietatigheid.

Wanneer 'n welaf mens voor 'n amptenaar staan wat in sy amp jou selfgeregverdig verguis en jou vasvang in sy persoonlike planne en selfverryking skemas terwyl jy op sy openbare diens aangewese is, is hy die jagter en roofdier en jy die prooi. Dit maak nie saak dat hy minder verdien as jy nie.

Ons mag onself nie uitlewer aan die verwronge opvattinge van goddeloses oor wie verdruktes en wie onderdrukkers is nie.

12. Hoekom nie?

Want doen ons dit sal ons nie meer kan bid soos Dawid in Psalm 10 bid nie.

Verdrukkings kan nie met die klag, hoop en versugting van Psalm 10 God aanroep nie. Dit is die klag, hoop en versugting van 'n weerlose en hulpelose mens.

Is dit nie die rede vir ons gebedlose wegkeer van God nie? Ons glo hy eis geen rekenskap van hulle wat ons jag en roof nie! Ons glo hy steur Hom nie meer aan die manier waarop ons gejag en geroof word nie!

Ons sal God net weer kan aanroep in hierdie gebed wanneer ons onself weer kan vind nie as patetiese geweldslagoffers nie, maar as mense wat deur goddeloses ontmagtig word deur hulle bo enige aanspreeklikheid te stel vir hulle openbare ampte en dienste!

Dit is die werklikheid van hierdie goddelose owerheid en land: eiemagtig verhef bo enige aanspreeklikheid teenoor God. Kan hulle God met hierdie magshouding die afwesige en ongeërgde God maak wat hulle glo Hy is? Glo ons al hulle mag?

Tweedens mag die kerk hom ook nie aan hierdie verwronge magsbeelde oorgee nie.

Dink u die kerk sal hierdie jagters en roofdiere se houding verander deur welsynsdiens aan behoeftige mense?

Dit is die magsgreep waarin ook die NG Kerk al baie diep vasgevang is. Ons moet net uitreik na arm gemeenskappe en dan moet dit swart gemeenskappe wees, dan sal ons nie meer gejag en geroof word nie!

Is die jag en roofprobleem 'n rasse kwessie? Is daar nie wittes wat inkoop in hierdie magshouding daar is geen God wat rekenskap eis vir die amp en diens wat ek het nie?

Die jagters en roofdiere is nie armes nie. Dit is hulle wat leef in die mag en welvaart van hulle plundering.

Daarom het Dawid homself nie met welsynsprojekte teen hierdie goddeloosheid magtig nie. In sy weerloosheid het hy God gevra om hierdie magsgreep te breek – deur die God te wees wat openbare aanspreeklikheid eis: Here straf hulle misdade.

Kom ons roep God in hierdie weerloosheid aan! Kom ons stort ons klag voor God uit!

Kom ons vind onself in die magsgreep van die goddelose – want dit is werklik ons posisie in hierdie goddelose land onder hierdie goddelose owerheid.

Ons gaan volgende week na hierdie deel van die Psalm kyk.